

# Skrywers uit alle oorde by literatuurfees in Bfn

Deur Elretha Britz | 14 Mei 2017 12:26 VOLKSBLAD

Die talle toonaangewende skrywers van Suid-Afrika en die buiteland wat aan die tweede Vrystaat Literatuurfees op die Vrystaat Kunstefees deelneem, getuig hoe gesog die geleentheid in 'n kort tydjie geword het. Dié fees vind van 17 tot 22 Julie op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein plaas.

Van die bekendste deelnemende Suid-Afrikaanse skrywers is Bettina Wyngaard, Rudie van Rensburg, Etienne van Heerden, Kobus Galloway (*Idees vol vrees*), Naomi Meyer (*Web*), Leon van Nierop, Johan van Wyk (*So is dit nou*), Erns Grundling (*Elders*), HemelBesem, Hermann Giliomee, Helena Hugo en Annelie Botes (*Lugkasteel*).

Die internasionale skrywers kom van België, Nederland, Roemenië, Kenia, Zambië en Botswana.

In een van die sessies waarin tendense in die literatuur bespreek word, sal Mike Nicol, Martin Steyn en Wyngaard die ontwikkeling van die misdaadgenre ná 1994 in Suid-Afrika deurtrap. Michael le Cordeur en Wannie Carstens lê die afgeskeepte bruin stem in Afrikaans bloot aan die hand van hul boek *Ons kom van vêr*, terwyl niefiksieskrywers soos Antony Altbeker, Paul McNally en Ace Moloi in *Niks anders as die waarheid?* kyk hoe die werklikheid neergeskryf word.

Aktueel

Ruda Landman, die bekende televisieaanbieder, sal weer soggens die dagprogram met aktuele gesprekke inlui. Dit sluit 'n onderhoud in met Helen Zille (*Not without a Fight*), 'n gesprek met Bill Nasson en Hennie van Vuuren oor lesse uit die geskiedenis, 'n besinning oor die beskerming van ons brose demokrasie met Richard Pithouse, Niren Tolsi en Ralph Mathekga, asook 'n onderhoud met Thandeka Gqubule, skrywer van die biografie oor die vorige openbare beskermer, Thuli Madonsela.

Vanjaar se literatuurtema is *Tuiskoms* en om betekenis aan dié gelade woord te gee sal onder andere Braam de Vries, Daniel Hugo, Ace Moloi, Alfred Schaffer, Niq Mhlongo en Willem Anker gedagtes in 'n langtafelgesprek uitruil.

Die *Hulde aan helde*-reeks vereer afgestorwe skrywers wat nie vergeet durf word nie, naamlik Dot Serfontein, Jans Rautenbach, Adam Small en Thomas Mfolo.

Ná die sukses van die eerste Sol Plaatje-gedenklesing sal die digter Antjie Krog, wat onlangs weer met die Hertzogprys bekroon is, die tweede lesing aanbied.

### Slyp talent

Die fees bied weer verskeie geleenthede vir opkomende skrywers en digters om hul talente te slyp. Henning Pieterse en Francois Smith, albei dosente aan die UV, is die aanbieders. Daar is ook werksessies vir performance-digters en 'n hekel-werksessie na aanleiding van die boek *Hello Hekel!*

### Kook saam

Gewilde resepteboekskrywers wat 'n draai kom maak, is Riana Scheepers, Leonie Scholtz en Marietjie Koekemoer met *Smeul: Drie vroue, een kombuis*, en die gewilde Koelsoem Kamalie en Flori Schrikker met hul nuutste boek, *Soettand*.

## Woord met musiek

Digters, skrywers en musikante span in onder meer *Klawer, kwatryn & konkas* saam met die bekroonde Bloemfonteinse dokter-digter, Gilbert Gibson, wat voor die klavier inskuif. Die musikant Riku Lätti en medekunstenaars vermeng Afrikaanse en Sesotho-musiek, en die Irannees-Nederlandse skrywer Sander Terphuis sal met sy befaamde breakdance die aandag steel.

Alfred Schaffer, Toast Coetzer, Danie Marais, Ihette Jacobs, Tinus van Staden, Hennie van Coller en Adél Steyn gaan van hul gedigte voorlees, terwyl Bibi Slippers, Andries Bezuidenhout, Tessa Muller en ander hul woordkuns met Afro-futuristiese klanke meng.

Opkomende digters kan met prysgeld wegstaap in *Naked Poetry Slam* waarin die beste bekvegter aangewys word.

## Blokraaitoernooi

Blokraai-foendi's kan hul slag in die tweede nasionale Blokraaitoernooi (in samewerking met RSG en XWord) wys.

## Uit die buiteland

Ander buitelandse skrywers wat die Vrystaat Literatuurfees bywoon: Christine Otten (Nederland), Rob van der Veer (Nederland), Mira Feticu (Roemenië), Zukiswa Wanner (Kenia), Leshie Lovesong (Botswana) en Chisenga Dumisani Fundanga (Zambië).

## Waar?

Die literatuuraanbiedings is in die ATKV-Boekeoase (Eeufeesgebou, UV-Kampus), Nasionale Afrikaanse Letterkundige en Navorsingsmuseum (Naln) en die Filmstudio.

Die program verskyn op die webwerf <http://bit.ly/VSKunstefees2017>. Bespreek by Computicket.

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Feeste/skrywers-uit-alle-oorde-by-literatuurfees-in-bfn-20170514>